“ street vendor ” means any person who, whether as principal, agent or employee, carries on the business or trade or follows the occupation of—

- a hawker;
- a pedlar;
- a street vendor of articles of food or drink; and
- a street trader as defined in section *two* of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939.

Prohibition on Trading without Payment of the Required Fees or Grant of Written Authority.

2. Except as provided in section 4, no person shall carry on the business or trade of a street vendor, whether as principal, agent or employee—

- unless and until he has paid to the Council the appropriate fee prescribed in Schedule 1 and is in possession of a written authority issued by the Council; or
- (i) unless and until he is in possession of a current written authority from the Council to occupy a stand or stall defined in Schedules 2, 3, 4

sodanige sake te doen, of handel te drywe en die toepaslike gelde in Bylae 1 voorgeskryf betaal het, en

(ii) uitgesonderd op so 'n staanplek of stalletjie.

Vorm van skriftelike magtiging.

3. 'n Skriftelike magtiging uitgereik ingevolge hierdie verordeninge is soos in die vorm voorgeskryf in Bylae 5.

'n Werknemer wat as straatverkoper optree.

4. Behoudens die bepalings van artikel 5, mag niemand 'n ander persoon in diens neem, of hom beweeg of toelaat om as 'n straatverkoper sake te doen met goedere wat in verband met sy besigheid staan nie, tensy sodanige ander persoon die toepaslike gelde ten opsigte van straatverkopers, wat in Bylae 1 voorgeskryf is, aan die Raad betaal het.

Getal straatverkopers wat ingevolge enige skriftelike magtiging kan handeldryf.

5. Die skriftelike magtiging aan 'n straatverkoper uitgereik kan, by betaling van die gelde wat in item 5 van Bylae 1 voorgeskryf is, die naam van een werknemer vermeld, en niemand uitgesonderd die straatverkoper self en die werknemer wat in die magtiging genoem word, mag te eniger tyd die besigheid van genoemde straatverkoper uitoefen nie.

Die skriftelike magtiging word aan 'n skoenpoetser en koerantverkoper self uitgereik.

6. Ondanks andersluidende bepalings in artikel 5 vervat, moet elke skriftelike magtiging of kwitansie wat aan 'n skoenpoetser of koerantverkoper uitgereik word, persoonlik aan sodanige persoon uitgereik word, wat nie geregtig is om daarkragtens deur bemiddeling van 'n agent, bediende of werknemer handel te drywe nie.

Staanplek vir blommeverkopers.

7. Niemand mag as 'n straatblommeverkoper op 'n staanplek of van 'n vaste punt af sake doen of handel drywe, behalwe op of van 'n staanplek af wat in Bylae 2 omskrywe is nie.

Staanplekke vir skoenpoetsers.

8. Niemand mag as 'n skoenpoetser op 'n staanplek of van 'n vaste punt af sake doen of handel drywe, behalwe op 'n staanplek wat in Bylae 3 omskrywe is nie.

Staanplekke en stalletjies vir vrugte- en groenteverkopers.

9. Niemand mag die beroep uitoefen of die besigheid dryf van 'n straatverkoper van vrugte of groente van 'n staanplek af of enige vaste plek nie anders as van sodanige staanplek af of stalletjie as wat vermeld word in die skriftelike magtiging wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is.

Staanplekke vir koekverkopers.

10. Niemand mag die beroep uitoefen of besigheid dryf van 'n straatverkoper van koek of ander gebak van 'n staanplek af of enige vaste plek nie anders as van 'n staanplek af wat in Bylae 6 omskryf word en wat vermeld word in 'n skriftelike magtiging wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is.

Elke staanplekhouer of werknemer moet hom tot een staanplek bepaal.

11. Niemand wat in 'n skriftelike magtiging as werkgewer of as werknemer aangegee word, mag op 'n ander staanplek of stalletjie as dié wat vermeld word in die magtiging wat die Raad ingevolge hierdie verordeninge uitgereik, die saak van straathandelaar dryf of daarby in diens wees nie.

Tye vir gebruik van staanplekke en stalletjies.

12. Staanplekke en stalletjies kan op die volgende dae en gedurende die tye soos hierna aangedui, gebruik word:—

(a) Staanplekke soos vasgestel ingevolge Bylae 2, 3, 4 en 6: Daaglik, behalwe Sondag en openbare vakansiedae, van 6 ym. af tot 6 nm.;

and 6 for the purpose of such business or trade and has paid the appropriate fees prescribed in Schedule 1; and

(ii) except upon such stand or stall.

Form of Written Authority.

3. A written authority issued in terms of these by-laws shall be in the form prescribed in Schedule 5.

Employee Engaged in Street Vending.

4. Save as is provided in section 5, no person shall employ or cause or permit any other person to carry on the business of a street vendor of goods connected with his business unless such other person has paid to the Council the appropriate street vendor's fee prescribed in Schedule 1.

Number of Street Vendors who may Trade under any Written Authority.

5. The written authority issued to any street vendor may specify, on payment of the fee prescribed in item 5 of Schedule 1, the name of one employee and no person other than the street vendor himself and the employee referred to in the authority, shall carry on the business of the said street vendor at any time.

Written Authorities Personal to Shoeblick and Vendor of Newspapers.

6. Notwithstanding anything contained in section 5, every written authority or receipt issued to a shoeblick or vendor of newspapers shall be personal to such person, who shall not be entitled to trade thereunder through an agent, servant or employee.

Stands for Flower Vendors.

7. No person shall carry on the business or trade of the street vending of flowers from a stand or fixed place other than from a stand defined in Schedule 2.

Stands for Shoeblicks.

8. No person shall carry on the business or trade of shoeblicking from a stand or fixed place other than from a stand defined in Schedule 3.

Stands for Stalls for Fruit and Vegetable Vendors.

9. No person shall follow the occupation or carry on the business of a street vendor of fruit and vegetables from a stand or fixed place other than such stand or stall as is referred to in the written authority issued in terms of these by-laws.

Stands for Cake Vendors.

10. No person shall follow the occupation or carry on the business of a street vendor of cake or other pastry from a stand or fixed place other than a stand defined in Schedule 6 and referred to in a written authority issued in terms of these by-laws.

Each Standholder or Employee Confined to One Stand.

11. No person named in any written authority as principal or employee shall carry on, or be employed in, a street vendor's business on any stand or stall other than that specified in the authority issued by the Council in terms of these by-laws.

Times for Use of Stands and Stalls.

12. Stands and stalls may be used on the following days and during the times specified:—

(a) Stands as appointed under Schedules 2, 3, 4 and 6: Daily, except on Sundays and public holidays, from 6 a.m. to 6 p.m.

(b) Stalletjies op Erf No. 52, Nelspruit, volgens Bylae 4:—

	1 April tot 30 September.	1 Oktober tot 31 Maart.
Dinsdae....	6.30 vm. tot 12.30 vm.	5.30 vm. tot 1.00 vm.
Vrydae.....	6.30 vm. tot 5.00 vm.	5.30 vm. tot 6.00 vm.
Saterdag....	6.00 vm. tot 12.30 nm.	5.00 vm. tot 12.30 nm.

Met dien verstande dat as enige van voornoemde dae 'n openbare vakansiedag is, die Raad 'n ander dag kan bepaal wanneer die stalletjies gebruik kan word in die plek van sodanige openbare vakansiedag.

Verbode gebiede.

13. Behoudens die bepalings van artikels 7, 8, 9 en 10 mag niemand, behalwe 'n koerantverkoper of 'n roomysverkoper te eniger tyd as straatverkoper binne die munisipaliteit sake doen of handel drywe nie behalwe vanaf of langs enige van die volgende:—

- (1) Die strate en paaie in die dorpsgebiede Nelspruit suid van Louis Trichardtstraat, Nelspruit Uitbreiding, Nelspruit Uitbreidings Nos. 2, 4, 5 en 6, en die dorpsgebied Sonheuwel suid van Brendastraat; of
- (2) die staanplekke en stalletjies vir straatverkopers soos omskryf in Bylae 2, 3, 4 en 6; of
- (3) onderworpe aan die bepalings van artikel 30 in die Bantuelokasies soos omskryf in Goewermentskennisgewings Nos. 1202 van 1943 en 186 van 1949.

Straatverkopers moet al om die 20 (twintig) minute verskuif.

14. Behoudens die bepalings van artikels 7, 8, 9 en 10—

- (a) moet 'n straatverkoper, indien hy op 'n openbare plek sake doen, binne 20 (twintig) minute na 'n plek buite die omtrek van 75 (vyf-en-sewentig) voet van die plek af waar hy begin het om sake te doen, verskuif;
- (b) mag geen straatverkoper sy sake begin doen in 'n straat of op 'n ander plek waartoe die publiek toegang het, binne 'n omtrek van 75 (vyf-en-sewentig) voet van 'n plek af waar hy tevore op dieselfde dag begin het om sake te doen nie;
- (c) word daar geag dat 'n straatverkoper begin om handel te drywe, nie net wanneer hy die eerste keer op enige dag begin het om sake te doen nie, maar by elke geleentheid wanneer hy op dieselfde dag handel drywe nadat hy tot buite 'n omtrek van minstens 75 (vyf-en-sewentig) voet, soos hierbo gemeld, verskuif het.

Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie artikel op enige koerantverkoper of roomysverkoper van toepassing is nie.

Goedere moet van die voertuig af verkoop word.

15. Elke straatverkoper wat op 'n ander plek as op 'n toegekende staanplek of stalletjie handel drywe, moet, wanneer hy op 'n openbare plek is, sy goedere hou op sy voertuig, handkar, stootkar of in 'n houer, na gelang van die geval, uitgesonderd wanneer dit vir verkoopdoelendes benodig word.

Gebruik van rakke of ander toestelle.

16. Geen straatverkoper mag 'n rak, 'n houtstaander, kas of dergelyke struktuur of soortgelyke toestel, behalwe wat die Raad goedkeur, op enige toegekende staanplek of stalletjie vir handelsdoelendes gebruik nie.

Gebruik van rakke of ander toestelle vir koerante.

17. Geen straatkoerantverkoper mag sy ware op 'n openbare plek in, of van 'n rak, houtstaander, kas of dergelyke struktuur of soortgelyke toestel, af verkoop, te koop aanbied, uitstal of vertoon, of toelaat of veroorsaak dat dit te koop aangebied of uitgestal of vertoon word nie, behalwe vanaf 'n rak wat deur die Raad goedgekeur is, of 'n fiets.

Die wyse waarop straatkoerantverkopers hul ware op die grond moet neersit.

18. (1) Geen straatkoerantverkoper mag sy ware op die grond of op die oppervlakte van 'n openbare plek neersit met die doel om dit te verkoop, uit te stal of te vertoon

(b) Stalls on Erf No. 52, Nelspruit, under Schedule 4:—

	1st April to 30th September.	1st October to 31st March.
Tuesdays.	6.30 a.m. to 12.30 p.m.	5.30 a.m. to 1.00 p.m.
Fridays...	6.30 a.m. to 5.00 p.m.	5.30 a.m. to 6.00 p.m.
Saturdays.	6.00 a.m. to 12.30 p.m.	5.00 a.m. to 12.30 p.m.

Provided that if any of the aforementioned days is a public holiday, the Council may appoint any other day for the use of the stalls in lieu of such public holiday.

Prohibited Areas.

13. Subject to the provisions of sections 7, 8, 9 and 10 no person, other than a vendor of newspapers or ice-cream, shall at any time carry on the trade or business of a street vendor within the municipality, save from and along any of the following:—

- (1) The streets and roads in the township of Nelspruit, south of Louis Trichardt Street; Nelspruit Extension; Nelspruit Extensions Nos. 2, 4, 5 and 6 and Sonheuwel township south of Brenda Street; or
- (2) the stands and stalls for street vendors as defined in Schedules 2, 3, 4 and 6; or
- (3) subject to the provisions of section 30, in the Bantu locations as defined in Government Notices Nos. 1202 of 1943, and 186 of 1949.

Street Vendors to Move on Every 20 (Twenty) Minutes.

14. Save as provided in sections 7, 8, 9 and 10—

- (a) if any street vendor carries on business in any public place, he shall move within 20 (twenty) minutes to a place outside a radius of 75 (seventy-five) feet from the place where he commenced to carry on business;
- (b) no street vendor shall commence to carry on his business in any street or other place to which the public has access within a radius of 75 (seventy-five) feet from any place where he has on the same day previously commenced to carry on business.
- (c) a street vendor shall be deemed to commence to carry on trade not only on the first occasion when he carries on his business on any day, but on every occasion when he carries on trade on such same day after moving outside a radius of not less than 75 (seventy-five) feet as aforesaid:—

Provided that nothing in this section shall apply to any vendor of newspapers or ice-cream.

Goods to be Sold from Vehicle.

15. Every street vendor trading otherwise than from an allotted stand or stall, shall, when in any public place, confine his goods to his vehicle, handcart, barrow or receptacle, as the case may be, except when necessary for the purpose of conducting a sale.

Use of Racks or Other Devices.

16. No street vendor shall for the purpose of his trade use on any allotted stand or stall any rack, wooden stand, box or similar structure or like device, other than one which has been approved by the Council.

Use of Racks or Other Devices for Newspapers.

17. No street vendor of newspapers shall sell or offer for sale or display or exhibit or cause or permit to be offered for sale or displayed or exhibited in any public place his wares in or from any rack, wooden stand, box or similar structure or like device other than a rack approved by the Council, or from a bicycle.

Deposit of Wares of Street Vendor of Newspapers on Ground.

18. (1) No street vendor of newspapers shall deposit his wares upon the ground or surface of any public place for the purpose of sale, display or exhibition otherwise

nie behalwe in 'n ordelike stapel wat netjies gepak en ewewydig met die randstene gemeet, hoogstens 40 duim lank is; en reghoekig met die randstene gemeet, 18 duim breed en twee voet hoog is.

(2) Geen straatverkoper van koerante en geen straatverkoper van enige publikasie mag op 'n openbare plek enige koerant of ander publikasie behalwe dié wat nuus van heersende of algemene belang bevat, verkoop of dit vir verkoop vertoon of uitstal nie.

Besmette of bedorwe goedere.

19. Goedere wat bedorwe, besmet of vir menslike gebruik ongeskik is, kan in beslag geneem word en in sodanige geval kan dit slegs deur die verkoper van die hand gesit word met verloop en onder toesig van die Mediese Gesondheidsbeampte of sy gemagtigde plaasvervanger.

Segregasie van rasse.

20. (a) Niemand mag op enige gedeelte van 'n staanplek of stalletjie aanwesig wees of dit betree nie as dit afgebaken en aangedui is vir die gebruik van 'n ras waartoe sodanige persoon nie behoort nie.

(b) Enige gedeelte van 'n staanplek of stalletjie word geag voldoende afgebaken en aangedui te wees as kennisgewing aangebring is wat die ras aandui wat sodanige gedeelte van 'n staanplek of stalletjie kan gebruik.

Versperring en oorlas.

21. (1) Wanneer 'n straatverkoper na die mening van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad, voetgangers of voertuie se pad versper, of die publiek tot oorlas is terwyl hy sy sake verrig, kan sodanige lid of beampte die verkoper beveel om met sy ware en al van die plek af wat hy okkupeer, na 'n ander plek wat so 'n lid of beampte aanwys, te verskuif, en sodanige straatverkoper moet dan met sy ware en al soos aangedui verskuif.

(2) Enige sodanige straatverkoper wat in gebreke bly om met sy ware en al te verskuif wanneer hy kragtens subartikel (1) beveel word om dit te doen, is ingevolge hierdie verordeninge skuldig aan 'n misdryf.

(3) Wanneer 'n straatkoerantverkoper wat 'n versperring veroorsaak, nie opgespoor kan word nie, of in gebreke bly of nalaat om sy ware te verwyder, of om sodanige versperring uit die weg te ruim, kan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad die vereiste stappe doen om die versperring te verwyder, of om te voorkom dat dit voortduur.

Skriftelike magtiging.

22. (1) Elke skriftelike magtiging wat die Raad aan 'n straatverkoper uitreik om hom in staat te stel om sy handel of besigheid op 'n staanplek of stalletjie wat in Bylaes 2, 3, en 6 omskrewe word, te drywe, is slegs een kalendermaand lank geldig.

(2) Die gelde wat aan die Raad ten opsigte van sodanige magtiging betaal moet word, word in Bylae 1 aangegee.

Besonderhede omtrent verblyfplek moet verstrekk word.

23. Elke straatverkoper moet sy woonadres aan die Raad verstrekk, en indien hy van adres verander, die Raad binne sewe dae (deur bemiddeling van die Stadsklerk) skriftelik van sy nuwe adres verwittig.

Procedure wanneer magtiging aangevra word.

24. (1) Elke aansoek om 'n skriftelike magtiging om op 'n staanplek of van 'n stalletjie af handel te drywe moet skriftelik by die Raad ingedien word voor die 20ste dag van die maand wat die maand waarin die applikant wil handel drywe, voorafgaan: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op aansoeke om staanplekke of stalletjies op 'n daaglikse basis te gebruik nie.

(2) Niemand wat nie kragtens hierdie artikel aansoek gedoen het nie, word toegelaat om aan die maandelikse loting vir staanplekke of stalletjies deel te neem nie.

(3) Waar 'n geldige lisensie kragtens die Wet op Lisensies 1962, vereis word, word niemand wat nie so 'n lisensie besit nie, toegelaat om aan die maandelikse loting vir staanplekke of stalletjies deel te neem nie.

than in an orderly pile neatly stacked and not exceeding 40 inches in length measured parallel to the kerb; 18 inches in width measured at right angles to the kerb, and 2 feet in height.

(2) No street vendor of newspapers and no street vendor of any publication shall sell or exhibit or expose for sale in any public place any newspaper or other publication other than one containing news of current or general interest.

Tainted or Spoilt Goods.

19. Goods which are spoilt, tainted or unfit for human consumption, may be seized and in such case it may only be disposed of by the vendor with the consent and under the supervision of the medical officer of health or his authorised representative.

Segregation of Races.

20. (a) No person shall be present on or enter upon any portion of a stand or stall demarcated and marked for the use of a race to which such person does not belong.

(b) Any portion of a stand or stall shall be deemed adequately demarcated and marked if a notice is put up showing the race entitled to use such portion of a stand or stall.

Obstruction and Nuisance.

21. (1) Where in the opinion of any member of the South African Police or any duly authorised servant of the Council, a street vendor is causing an obstruction to pedestrians or vehicles, or a nuisance to the public in the course of his business, such member or servant may order such vendor to remove himself and his wares from the spot or place he is occupying to any other spot or place indicated by such member or servant, and such street vendor shall thereupon remove himself and his wares as indicated.

(2) Any such street vendor who fails to move himself and his wares when so ordered in terms of sub-section (1) shall be guilty of an offence under these by-laws.

(3) Where any street vendor of newspapers causing an obstruction cannot be found or fails or neglects to remove his wares or to cease causing such obstruction, any member of the South African Police or duly authorised servant of the Council may take such steps as may be necessary to remove the obstruction or to prevent its continuance.

Written Authority.

22. (1) Every written authority issued by the Council to any street vendor to carry on his trade or business upon a stand defined in Schedules 2, 3 and 6, shall be valid for a period of one calendar month only.

(2) The fees payable to the Council for such authority shall be as prescribed in Schedule 1.

Particulars of Place of Abode to be Furnished.

23. Every street vendor shall furnish the Council with the address of his place of residence and within seven days of any change in his address notify the Council in writing (through the Town Clerk) of his new address.

Procedure in Applying for Authority.

24. (1) Every application for written authority to trade on a stand or stall shall be made to the Council not later than the 20th day of the month preceding the month in which the applicant desires to trade. Provided that this provision shall not apply to applications for the use of stands or stalls on a daily basis.

(2) No person who has not made an application in terms of this section shall be permitted to participate in the monthly draw for stands or stalls.

(3) Where a current licence is required in terms of the Licence Act, 1962, no person who is not in possession of such licence shall be permitted to participate in the monthly draw for stands or stalls.

Magtiging word deur loting bepaal.

25. (1) Die beslissing oor 'n aansoek om 'n skriftelike magtiging om as straatverkoper op 'n staanplek of stalletjie wat deur die Raad goedgekeur is, sake te doen of handel te drywe, word by wyse van loting gevel: Met dien verstande dat niemand geregtig is om meer as een sodanige skriftelike magtiging in elke kalendermaand te verkry nie.

(2) Iedereen wat meer as een skriftelike magtiging ten opsigte van enige besondere maand verkry, of 'n poging aanwend om dit te verkry, is ingevolge hierdie verordeninge skuldig aan 'n misdryf.

(3) Stalletjies kan toegeken word vir tydperke van 6 maande, 3 maande, 1 maand en per dag soos volg:—

- | | |
|-----------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| (a) 6-maandeliks..... | 1 April tot 30 September; en
1 Oktober tot 31 Maart; |
| (b) 3-maandeliks..... | 1 April tot 30 Junie; en
1 Julie tot 30 September; en
1 Oktober tot 31 Desember; en
1 Januarie tot 31 Maart; |
| (c) maandeliks..... | per kalendermaand; |
| (d) per dag. | |

Met dien verstande dat die loting van aansoeke geskied in die volgorde van aansoeke vir tydperke van 6 maande eerste, dan aansoeke vir tydperke van 3 maande, dan aansoeke vir 'n tydperk van 1 maand en dan aansoeke vir 'n dag.

Magtiging is nie oordraagbaar nie.

26. Geen skriftelike magtiging wat kragtens hierdie verordeninge uitgereik word, is, of ten opsigte van die persoon aan wie dit uitgereik word, of ten opsigte van die staanplek of stalletjie waarvoor dit uitgereik word, oordraagbaar nie.

Magtiging moet op versoek getoon word.

27. Iedereen aan wie die Raad 'n skriftelike magtiging of 'n kwitansie kragtens hierdie verordeninge uitgereik het, moet sy skriftelike magtiging of kwitansie of 'n duplikaat daarvan op versoek van 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad, vertoon.

Uitreiking van 'n duplikaat-magtiging of -kwitansie.

28. Iemand aan wie daar wettiglik 'n magtiging of kwitansie ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is en wat die Raad skriftelik kan oortuig dat die magtiging of kwitansie soekgeraak het of vernietig is, is geregtig om gratis op aanvraag 'n duplikaat daarvan by die Raad te verkry. 'n Duplikaat wat aldus uitgereik word, moet duidelik as 'n duplikaat gemerk word.

Hertoewysing van staanplekke.

29. (1) Die Raad het die reg om enige stalletjie teen betaling van die toepaslike gelde voorgeskryf in Bylae 1, aan enigiemand anders toe te wys indien sodanige stalletjie nie by 8 v.m. gebruik word deur die persoon aan wie dit toegewys was nie, en laasgenoemde is nie geregtig op terugbetaling van gelde, of gedeelte daarvan, wat betaal is nie.

(2) Indien 'n persoon wat skriftelike magtiging besit om 'n staanplek te okkupeer, vir 'n ononderbroke tydperk van meer as agt-en-veertig (48) uur sonder geldige rede in gebreke bly om op sodanige staanplek handel te drywe, verval die skriftelike magtiging om sodanige staanplek te okkupeer, en het die Raad die reg om sodanige staanplek aan iemand anders toe te wys.

Tydlike staanplekke.

30. Ondanks enigiets wat in hierdie verordeninge vervat is, kan die Raad tydelike staanplekke wat deur straatverkopers geokkupeer moet word, afsonder wanneer engeen van die staanplekke in Bylae 2, 3, 4, of 6 omskryf is, om rede hoegenaamd tydelik onbruikbaar word.

Afmetings van 'n staanplek.

31. (1) Die ruimte wat 'n straatverkoper op 'n omskrye staanplek kan okkupeer, mag nie die volgende afmetings oorskry nie:—

(a) Blommeverkoper.

- Lengte: 5 (vyf) voet ewewydig met die randstene.
Breedte: 2 (twee) voet.
Hoogte: 3 (drie) voet.

Authority to be Determined by Lot.

25. (1) The grant of an application for written authority to carry on the business or trade of a street vendor on any stand or stall approved by the Council shall be determined by lot: Provided that no person shall be entitled to obtain more than one such written authority in any one calendar month.

(2) Any person obtaining or attempting to obtain more than one written authority for any particular month shall be guilty of an offence under these by-laws.

(3) Stalls may be allotted for periods of 6 months, 3 months, 1 month and per day, as follows:—

- | | |
|--------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| (a) 6 monthly..... | 1st April to 30th September; and
1st October to 31st March; |
| (b) 3 monthly..... | 1st April to 30th June; and
1st July to 30th September; and
1st October to 31st December; and
1st January to 31st March; |
| (c) monthly..... | per calendar month; |
| (d) per day. | |

Provided that the drawing of applications shall take place in order of applications for periods of 6 months, then applications for periods of 3 months, then applications for periods of 1 month and finally applications for a day.

Authority not Transferable.

26. No written authority issued under these by-laws shall be transferable in respect either of the person to whom or of the stand or stall for which it is issued.

Authority to be Produced on Demand.

27. Any person to whom a written authority or receipt has been issued by the Council in terms of these by-laws shall produce his written authority or receipt or a duplicate thereof on demand by any member of the South African Police, or a duly authorised servant of the Council.

Issue of Duplicate Authority or Receipt.

28. Any person to whom an authority or receipt has been validly issued in terms of these by-laws, shall be entitled on satisfying the Council, in writing, that such authority or receipt has been lost or destroyed, to obtain from the Council free on application, a duplicate copy thereof. Any duplicate copy so issued shall be clearly marked as a duplicate.

Re-allotment of Stands.

29. (1) The Council shall have the right to re-allot any stall on payment of the appropriate fees prescribed in Schedule 1 to any other person should such stall not be used by the person to whom it was allotted by 8 a.m. and such person shall not be entitled to a refund of the fees paid or part thereof.

(2) If any person holding a written authority to occupy any stand fails for a continuous period of more than 48 (forty-eight) hours, without valid reason, to trade upon such stand, the written authority to occupy such stand shall lapse, and the Council shall have the right to re-allot such stand to any other person.

Temporary Stands.

30. Notwithstanding anything contained in these by-laws, the Council may set aside temporary stands to be occupied by street vendors when, from any cause whatsoever, any of the stands defined in Schedules 2, 3, 4 or 6, become temporarily untenable.

Dimensions of Stands.

31. (1) The space to be occupied by a street vendor on any defined stand shall not exceed the following dimensions:—

(a) Vendor of Flowers.

- Length: 5 (five) feet parallel to the line of the kerb.
Width: 2 (two) feet.
Height: 3 (three) feet.

(b) *Skoenpoetser.*
 Lengte: 3 (drie) voet ewewydig met die randstene.
 Breedte: 2 (twee) voet.
 Hoogte: Hoogstens 2 (twee) voet.

(c) *Groente- en vrugteverkoper.*
 Lengte: 20 (twintig) voet.
 Breedte: 10 (tien) voet;
 soos bepaal en afgemerkt ooreenkomstig subartikel (2).

(d) *Verkoper van koek.*
 Lengte: 12 (twaalf) voet.
 Breedte: 6 (ses) voet;
 soos bepaal en afgemerkt ooreenkomstig subartikel (2).

(2) Die Raad moet die grense van 'n staanplek deur wit of geel lyne afbaken, en elke staanplek moet genummer word.

(3) Geen straatverkoper wat sy handel of besigheid drywe op 'n staanplek wat ooreenkomstig hierdie verordeninge behoortlik aan hom toegewys is, mag sy ware elders op 'n openbare plek as net binne die grense van die staanplek wat die Raad met wit of geel lyne op dié openbare plek afgebaken het, neersit nie.

Afmetings van 'n venter se voertuig.

32. Geen venter mag 'n voertuig, handkar, stootkar, bak of houer wat langer as 6 (ses) voet, hoër as 4 (vier) voet, en breër as 3 (drie) voet is, in verband met sy besigheid as venter gebruik, of toelaat dat dit gebruik word nie.

Skilder van naam op voertuie.

33. Elke straatverkoper moet sorg dat sy naam duidelik en leesbaar op elke voertuig insluitende 'n handkar of stootkar wat hy self stoot of trek, geskilder of aangebring is.

Minimum-ouderdom van straatverkopers.

34. (1) Niemand wat jonger as 16 jaar is, mag as straatverkoper sake doen of handel drywe, of as sodanig in diens wees nie.

(2) Iedereen wat weens 'n oortreding van hierdie artikel skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 (twintig Rand).

Algemene gedrag van straatverkopers op staanplekke.

35. Die volgende reëls is *mutatis mutandis* op elke straatverkoper van toepassing—

(a) Die staanplek en enige rak, houtstaander, kas of dergelike struktuur of soortgelyke toestel, of enige houer wat in verband daarmee gebruik word, en elke voertuig wat in verband met sy handel of besigheid gebruik word, moet te alle tye skoon gehou word.

(b) 'n Straatverkoper of sy werknemer mag geen papier, vuilgoed of vrugteskille op die straat of sygaardjie plaas of gooi, of toelaat dat dit in die straat of op die sygaardjie in die nabyheid van die staanplek lê nie.

(c) Die straatverkoper of sy werknemer moet op versoek sy voertuie, rak, houtstaander, kaste of dergelike strukture of soortgelyke toestelle, of houers verskuif ten einde toe te laat dat die Raad se beampptes die straat, voortjies of sygaardjies kan skoonmaak.

(d) Geen straatverkoper of sy werknemer mag op enige voertuig wat langs sy staanplek geparkeer is, sit of hom op enige wyse daarmee bemoei nie.

(e) Alle voertuie, rakke, houtstaanders, kaste of dergelike strukture of soortgelyke toestelle en houers moet by afhandeling van die besigheid van die dag, van die openbare plekke, strate of sygaardjies af, na gelang van die geval, verwyder word en die staanplekke moet in 'n skoon toestand gelaat word.

(f) Die straatverkoper moet skoon aangetrek wees en hom te alle tye beleefd en fatsoenlik gedra.

(g) 'n Straatverkoper van voedselware, en engeen in sy diens, moet 'n skoon en heel jas van wasbare materiaal van 'n ligte kleur dra terwyl hulle besig is om voedselware te hanteer en te verkoop en hulle moet sodanige jas of jasse skoon en heel hou.

(b) *Shoeblock.*
 Length: 3 (three) feet parallel to kerb line.
 Width: 2 (two) feet.
 Height: Not to exceed 2 (two) feet.

(c) *Vendor of Vegetables and Fruit.*
 Length: 20 (twenty) feet.
 Width: 10 (ten) feet;
 as determined and defined according to sub-section (2).

(d) *Vendor of Cake.*
 Length: 12 (twelve) feet.
 Width: 6 (six) feet;
 as determined and defined according to sub-section (2).

(2) The Council shall define the limits of any stands by white or yellow markings and each stand shall be numbered.

(3) No street trader who is carrying on his trade or business on any stand duly allotted to him in accordance with these by-laws shall deposit his wares upon any public place other than within the limits of such stand as demarcated by the Council by white or yellow markings upon such public place.

Dimensions of Pedlar's Vehicle.

32. No pedlar shall use or allow to be used in connection with his business as a pedlar, any vehicle, handcart, barrow, receptacle or contained that exceeds 6 (six) feet in length, 4 (four) feet in height and 3 (three) feet in width.

Painting of Name on Vehicle.

33. Every street vendor shall keep his name visibly and legibly painted or affixed upon every vehicle, including a handcart or barrow propelled by himself.

Minimum Age of Street Vendor.

34. (1) No person under the age of 16 years shall be employed as or carry on the business or trade of a street vendor.

(2) Any person convicted of a contravention of this section shall be liable to a fine not exceeding R20 (twenty rand).

General Conduct of Street Vendors on Stands.

35. The following rules shall apply *mutatis mutandis* to every street vendor:—

(a) The stand and any rack, wooden stand, box or similar structure or like device or any receptacle used in connection therewith and every vehicle used in connection with his trade or business shall be kept clean at all times.

(b) No paper, litter or fruit skins shall be deposited or thrown on the street or pavement by any street vendor or his employee or permitted by them to lie about on the street or pavement in the vicinity of the stand.

(c) The street vendor or his employee shall, on request, move his vehicles, rack, wooden stand, boxes or similar structures or like devices or receptacles to permit the street, gutters or pavements being cleaned by the Council's officials.

(d) No street vendor or his employee shall sit on or interfere in any way with any vehicle that may be parked alongside his stand.

(e) All vehicles, racks, wooden stands, boxes or similar structures or like devices and receptacles shall be moved off the public places, streets or pavements, as the case may be, on completion of the business for the day and the stands left in a clean condition.

(f) The street vendor shall be cleanly clothed and shall at all times conduct himself in a civil and decorous manner.

(g) A street vendor of foodstuffs, and any person employed by him, shall wear a clean and sound coat of light-coloured washable material while engaged in the handling and sale of foodstuffs, and maintain such coat or coats in a clean and sound condition.

(h) 'n Straatverkoper of ander persoon van dieselfde ras wat skriftelik daartoe gemagtig is ingevolge hierdie verordeninge, moet, terwyl goedere van 'n stalletjie of staanplek af verkoop word, of vir verkoop uitgestal of vertoon word, persoonlik by die stalletjie of staanplek aanwesig wees en 'n persoon van 'n ander ras as die straatverkoper wat in die straatverkoper se diens is mag nie alleen by die stalletjie of staanplek aanwesig wees en verkope waarneem nie.

Reg tot kanselering van skriftelike magtiging.

36. Die Raad is geregtig om enige skriftelike magtiging vir die gebruik van 'n stalletjie of staanplek sonder kennisgewing te kanselleer indien die bepalings van enige wet nie nagekom word nie, en in sodanige geval betaal die Raad *pro rata* gedeelte van die gelde wat ten opsigte van 'n permit betaal is, terug.

Gedrag op of by staanplekke en stalletjies.

37. (1) (a) Niemand mag by die stalletjies of enige staanplek die bedryf van 'n kruier uitoefen nie tensy hy behoorlik as sodanig ingevolge die Raad se Verordeninge vir die Lisensiering van Besighede, Bedrywe en Beroepe gelisensieer is en voorsien is van 'n kenteken van die Raad, waarvoor 'n deposito van 50c betaal moet word, watter kenteken op sy linkerarm bokant die elmoog vertoon moet word.

(b) Geen kruier mag huurdiens aanbied, of daarvoor werf deur middel van uitroep of andersins nie, of in gebreke bly om sy persoon en kleding in 'n sindelike en netjiese toestand te hou nie.

(2) Niemand mag 'n hond binne die stalletjies of op die erf waar dit geleë is, bring of toelaat dat dit daar gebring word of daar bly nie.

(3) Behalwe persone wat behoorlik daartoe gemagtig is om stalletjies vir die verkoop van goedere te gebruik, mag niemand 'n voertuig op die erf waar die stalletjies geleë is, of op 'n staanplek bring of laat bly of toelaat dat dit daar gebring word of daar bly nie.

(4) Niemand mag hom op of by enige stalletjie of staanplek wanordelik gedra, luidrugtig wees, spuug, talm, liederlike, beledigende of godslasterlike taal gebruik, weddenskappe aangaan of dobbel, stalletjies of goedere beskadig of hom daarmee bemoei, ander persone hinder of steur, onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels daarop gaan, goedere was of skoonmaak, afval neerwerp, of enige oorlas veroorsaak nie.

Oortreding van enige wet.

38. Geen kwitansie of skriftelike magtiging wat die Raad uitreik, mag op watter wyse ook al beskou word as 'n verlening aan enigeen, van enige regte wat in enige opsig teenstrydig is met die bepalings van enige wet wat van tyd tot tyd van krag is nie.

Straf vir oortreding.

39. Iedereen wat hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om enige bepaling daarvan na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is, waar daar geen straf uitdruklik vermeld word nie, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 (honderd Rand).

Herroeping van Verordeninge.

40. Die Verordening Betreffende die Reëling en Beheer van en die Toesig oor die Straatverkopers van die Munisipaliteit Nelspruit afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 185 van 9 Maart 1955, word hierby herroep.

BYLAE I.

GELDE WAT STRAATVERKOPERS AAN DIE RAAD MOET BETAAL.

1. Gelde betaalbaar wanneer 'n skriftelike magtiging vir 'n tydperk van 'n jaar of 'n halfjaar verlang word:—

	Half-jaarlikes. R	Jaarliks. R
(1) Slegs eetware wat deur die produsent verpak is.....	2.50	4.50
(2) Enige ander eetware.....	5.00	9.00
(3) Goedere, uitgesonderd eetware.....	5.50	10.00

(h) A street vendor or any other person of the same race, authorised thereto in writing in terms of these by-laws, shall be present in person while goods are sold from any stall or stand or offered or displayed for sale and no person of any race other than that of the street vendor who is employed by such street vendor shall be alone at the stall or stand and conduct sales on his own.

Right to Cancel Written Authority.

36. The Council shall have the right to cancel without notice any written authority for the use of a stall or stand should the provisions of any law not be observed and in such case the Council shall refund a *pro rata* portion of the fees paid in respect of the permit.

Conduct on or at Stalls and Stalls.

37. (1) (a) No person shall at the stalls or any stand carry on the trade of a barrow-man unless he has been duly licensed as such in terms of the Council's By-laws for the Licensing of Businesses, Trades and Occupations and provided with a badge from the Council, for which a deposit of 50c shall be paid and such badge shall be displayed above the elbow of his left arm.

(b) No barrow-man shall ply or canvass for hire by calling out or otherwise or shall fail to keep his person and clothes in a clean and neat condition.

(2) No person shall bring any dog within the stalls or on the erf on which they are situated or allow same to be brought or to remain there.

(3) No person other than persons duly authorised to use stalls for selling goods, shall bring or leave any vehicle on the erf on which the stalls are situated or on any stand or allow any vehicle to be brought or left there.

(4) No person shall on or at any stall or stand misconduct himself, be rowdy, spit, loiter, use obscene, insulting or blasphemous language, bet or gamble, damage or tamper with stalls or goods, interfere with or disturb other persons, be under the influence of intoxicating liquor or drugs when entering thereon, wash or clean articles, dump rubbish or cause any nuisance.

Contravention of any Law.

38. No receipt or written authority issued by the Council shall in any way be deemed to confer upon any person any rights which are in any way in conflict with the provisions of any law that may from time to time be in force.

Penalty for Breaches.

39. Any person contravening or failing to comply with any of the provisions of these by-laws shall be guilty of an offence, and on conviction shall, where no penalty is expressly provided, be liable to a fine not exceeding R100 (one hundred rand).

Revocation of By-laws.

40. The By-laws for Regulating, Supervising and Controlling Street Vendors of the Nelspruit Municipality published under Administrator's Notice No. 185, dated the 9th March, 1955, are hereby revoked.

SCHEDULE 1.

FEES PAYABLE TO THE COUNCIL BY STREET VENDORS.

1. Fees payable when a written authority is required for a period of one year or half a year:—

	Half-yearly. R	Yearly. R
(1) Producer-wrapped foodstuffs only.....	2.50	4.50
(2) Any other foodstuffs.....	5.00	9.00
(3) Goods, excluding foodstuffs.....	5.50	10.00

2. Gelde betaalbaar wanneer 'n skriftelike magtiging vir 'n tydperk van minder as 'n halfjaar verlang word:—

Per maand of gedeelte daarvan.

- (1) Slegs eetware wat deur die produsent verpak is.. 0.50
- (2) Enige ander eetware..... 1.00
- (3) Goedere, uitgesonderd eetware..... 1.50

Met dien verstande dat die halfjaarlikse gelde neergelê onder item 1 betaalbaar is ten opsigte van enige tydperk van minder as 'n halfjaar beginnende op 'n datum na 30 Junie van enige jaar.

'n Bona-fide-boer wat vrugte en groente wat op sy plaas gekweek is in die gebied soos omskryf in subartikel (1) van artikel 13 van hierdie verordeninge wil verkoop, moet skriftelike bewys van die Sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie of van die Landdros of van die Bevelvoerende Offisier van die Polisiekantoor in die gebied of distrik waarin die plaas geleë is, lewer dat die produkte wat hy wil verkoop deur homself gekweek is, en moet hy 'n geld van R1 per kalenderjaar betaal ten aansien van die toestaan aan hom van die reg om sy produkte aldus te verkoop.

4. Die volgende gelde is betaalbaar duer elke straatverkoper ten opsigte van die straatverkope aangedui:—

Per kalendermaand.

- (1) Ten opsigte van 'n skriftelike magtiging om as blommeverkoper 'n staanplek te okkupeer..... 1.00
- (2) Ten opsigte van 'n skriftelike magtiging om as skoepoetsers 'n staanplek te okkupeer..... 0.25
- (3) Alle koerantverkopers..... 0.25

5. Geld betaalbaar ten opsigte van die benoeming van 'n werknemer op 'n skriftelike magtiging: 50c.

6. Die gelde in items 1 tot 5 vermeld is nie van toepassing op koekverkopings (waar alleenlik koek verkoop word) wat deur geregistreerde welsynsorganisasies, kerke en skole gehou word nie. Ten opsigte van sodanige verkopings word 'n skriftelike magtiging gratis uitgereik.

7. 'n Straatverkoper wat groente en vrugte verkoop wat deur homself geproduseer is, moet die volgende gelde betaal vir 'n skriftelike magtiging om 'n staanplek soos in Bylae 4 omskryf, te gebruik:—

- (1) Per maand..... 4.00
- (2) Per dag..... 0.50

8. Vir 'n skriftelike magtiging vir die gebruik van 'n stalletjie soos omskryf in Bylae 4 is die volgende gelde betaalbaar:—

Grootte van stalletjie.	Per maand.	
	R	Per dag.
(1) 6 voet by 9 voet.....	6.00	0.90
(2) 3 voet by 9 voet.....	3.00	0.45

BYLAE 2.

STAANPLEKKE VIR BLOMMEVERKOPERS.

- 1. Staanplek No. 1: Voortrekkerstraat, teenoor Erf No. 30.
- 2. Staanplek No. 2: Voortrekkerstraat, teenoor Erf No. 48.

BYLAE 3.

STAANPLEK VIR SKOENPOETSERS.

Staanplek No. 1.: Andersonstraat, teenoor Erf No. 20, aan die westekant van Pontingsarkade.

BYLAE 4.

STAANPLEKKE EN STALLETJES VIR VRUGTE- EN GROENTEVERKOPERS.

Staanplekke, soos omskryf en afgemerk, langs Besterstraat op 'n gedeelte van die dorpsgronde aangrensend aan gedeelte 7 van die plaas Nelspruit No. 312 en die stalletjies soos afgemerk op Erf No. 52, Nelspruit.

BYLAE 5.

VORM VAN SKRIFTELIKE MAGTIGING OM DIE BEROEP UIT TE OEFEN VAN, OF HANDEL TE DRYWE AS 'N STRAATVERKOPER.

STADSRAAD VAN NELSPRUIT.

MAGTIGING OM DIE BEROEP UIT TE OEFEN VAN, OF HANDEL TE DRYWE AS STRAATVERKOPER.

Magtiging word hiermee verleen aan

van _____ om die beroep uit te oefen van, of handel te drywer as 'n straatverkoper vir die tydperk van _____ tot _____ onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

- 1. Slegs _____ kan verkoop word kragtens hierdie magtiging.
- 2. Geen handel mag gedryf word of enige sake gedoen word op enige plek nie behalwe—

- *(a) van stalletjie No. _____ op Erf No. 52, Nelspruit;
- *(b) van staanplek No. _____ geleë te _____

*(c) van of langs die strate en paaie in die dorpsgebiede: Nelspruit suid van Louis Trichardtstraat; Nelspruit Uitbreiding; Nelspruit Uitbreidings-Nos. 2, 4, 5 en 6, en die dorpsgebied Sonheuwel suid van Brendastraat.

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

2. Fees payable when a written authority is required for a period of less than half a year:—

Per month or part thereof.

- (1) Producer-wrapped foodstuffs only..... 0.50
- (2) Any other foodstuffs..... 1.00
- (3) Goods, excluding foodstuffs..... 1.50

Provided that the half-yearly fees laid down under item 1 shall be payable in respect of any period of less than half a year commencing on a date after the 30th June of any year.

3. A bona fide farmer who desires to sell fruit or vegetables produced on his farm, in the area as defined in sub-section (1) of section 13 of these by-laws, shall produce written proof from the Secretary of the Transvaal Agricultural Union or from the Magistrate of Officer-in-Charge of the Police Station in the area or district in which his farm is situated that the produce he desires to sell has been grown by himself, and shall pay a fee of R1 per calendar year in respect of the grant to him of such right so to sell his produce.

4. The following fees shall be payable by every street vendor in respect of the street sales indicated:—

Per calendar month.

- (1) For a written authority to occupy a stand for a vendor or flowers..... 1.00
- (2) For a written authority to occupy a stand as a shoeblack..... 0.25
- (3) Every vendor of newspapers..... 0.25

5. Fee payable in respect of naming an employee on a written authority: 50c.

6. The fees stipulated in items 1 to 5 shall not apply to sales of cake (where cake only is sold), which are conducted by registered welfare organisations, churches and schools. In respect of such sales a written authority shall be issued free of charge.

7. A street vendor of vegetables and fruit produced by himself shall pay the following fees for a written authority to occupy a stand defined in Schedule 4:—

- (1) Per month..... 4.00
- (2) Per day..... 0.50

8. For a written authority to use a stall as defined in Schedule 4, the following fees shall be payable:—

Size of stall.	Per month.	
	R	Per day.
(1) 6 feet by 9 feet.....	6.00	0.90
(2) 3 feet by 9 feet.....	3.00	0.45

SCHEDULE 2:

STANDS FOR VENDORS OF FLOWERS.

- 1. Stand No. 1: Voortrekker Street, opposite Erf No. 30.
- 2. Stand No. 2: Voortrekker Street, opposite Erf No. 48.

SCHEDULE 3.

STAND FOR SHOEBLACKS.

Stand No. 1: Anderson Street, opposite Erf No. 20, to the west of Ponting's Arcade.

SCHEDULE 4.

STANDS AND STALLS FOR VENDORS OF FRUIT AND VEGETABLES.

Stands, as defined and demarcated, along Bester Street, on a portion of the townlands adjoining portion 7 of the farm Nelspruit No. 312 and the stalls as demarcated on Erf No. 52, Nelspruit.

SCHEDULE 5.

FORM OF WRITTEN AUTHORITY TO FOLLOW THE OCCUPATION OR CARRY ON THE BUSINESS OF A STREET VENDOR.

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT.

AUTHORITY TO FOLLOW THE OCCUPATION OR CARRY ON THE BUSINESS OF A STREET VENDOR.

of _____ is hereby authorised to follow the occupation or to carry on the business of a street vendor for the period _____ from _____ to _____ subject to the following conditions:—

- 1. Only _____ may be sold under this authority.
- 2. No trade or business shall be carried on in any place other than:—

- *(a) from stall No. _____ on Erf No. 52, Nelspruit;
- *(b) from stand No. _____ situated at _____

*(c) from or along the streets and roads in the townships: Nelspruit south of Louis Trichardt Street; Nelspruit Extension; Nelspruit Extensions Nos. 2, 4, 5 and 6 and Sonheuwel township south of Brenda Street.

* Delete whichever is not applicable.

3. Die verkoop van goedere en die drywe van handel of doen van sake sal onder toesig in beheer van—

wees.

4. Hierdie magtiging is onderworpe aan al die voorwaardes van die toepaslike verordeninge van krag in die Munisipaliteit Nelspruit.

Datum.

Stadskerk.

BYLAE 6.

STAANPELKKE VIR KOEKVERKOPERS.

1. Staanplek No. 1—Besterstraat, teenoor Erf No. 30.
2. Staanplek No. 2—Voortrekkerstraat, teenoor Erf No. 24. (T.A.L.G. 5/47/22.)

Administrateurskennisgewing No. 90.] [3 Februarie 1965.
MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—HERROEPING
VAN MARKVERORDENINGE.


Die Administrateur maak hierby, ingevolge die bepalings van artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend dat dit hom behaag het om ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie sy goedkeuring te heg aan die herroeping van die Markverordeninge van die Munisipaliteit Nelspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 506 van 10 Augustus 1949: Met dien verstande dat alle permitte wat uitgereik is en gelde wat betaal is ingevolge die verordeninge wat hierby herroep word, geldig is en van krag bly vir die res van die onderskeie tydperke waarvoor hulle uitgereik is of betaal is.

T.A.L.G. 5/62/22.

Administrateurskennisgewing No. 91.] [3 Februarie 1965.
VERLEGGING.—PROVINSIALE PAD, DISTRIK
KEMPTON PARK.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Benoni, goedgekeur het dat Provinsiale Pad No. P.91-1 oor die plaas Modderfontein No. 35—I.R., distrik Kempton Park, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en verbreed word na 120 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-022-23/21/P.91-1.



